# HEBREËRS

Hierdie week eindig ons die reeks oor Hebreërs af en kyk na Hoofstuk 12 en 13.

Hebreërs 12 herinner ons dat God ‘n verhoudingswese is.  Van die begin af was Sy plan om ‘n veilige gemeenskap te skep en in verhouding met die mens te wees.

Ons sien ook in Hebreërs 12 dat Hy familie-taal gebruik (pa, seun, kind, tug, onderdanigheid, respek…).  Selfs God, Jesus en die Heilige Gees funksioneer in gemeenskap met mekaar.  **God se plan is ‘n familie.**

**Lees Hebreërs 12:14-28.**



Daar word in hierdie teks na twee berge verwys.

*Wat is kenmerkend van elkeen van die berge en hoe verskil hulle?*

*Watter verskillende aspekte van God word uitgelig in die twee berge?*

Die eerste berg verwys na berg Sinai in die Ou Testament waar die volk die wette ontvang het. Dit is duidelik dat die volk, en selfs Moses, gevul was met vrees. Die wette van die Ou Testament het gehoorsaamheid geverg van die volk - maar dit was vreesaanjaend vir die volk omdat hulle net nooit dit kon regkry om God se perfekte heiligheid na te kom nie. **Die wette was daar om die volk bymekaar te hou en veilig te hou**.

Die tweede berg verwys na Jesus se kruisiging op Golgota. Hy het in ons plek gesterf om 'n nuwe identiteit aan ons te gee. Die nuwe Verbond is uit die aard van die saak beter vir ons, maar ons is vrygekoop om deel te raak van die nuwe familie. **Genade is daar om ons nader aan God en aan mekaar te hou.**

Gehoorsaamheid en genade gaan hand aan hand – albei is vir gemeenskap bedoel, maar die een kan nie sonder die ander nie.  Ons word geroep tot gehoorsaamheid maar DEUR en IN genade.

Die genade wat Christus vir ons aan die kruis bewerkstellig het, vra steeds 'n offer.
Net soos die lam van die Ou Verbond geoffer moes word…
En Jesus Christus aan die kruis geoffer is…
Moet ons ook met bloed, vleis en been onsself opopffer vir hierdie gemeenskap.

*Hoe dink jy kan ons onsself offer vir die Here?*

**Lees Hebreërs 12:12-13, 14-15 en 28-29.**

Jesus se kruisdood het duur vir ons genade betaal.  Maar Jesus se genade moet prakties en sigbaar raak – gehoorsaamheid aan God vra dat ons die waarheid verkondig, maar met genade – dis hoe ons geloof sigbaar is en ons Hom eer!

## HEBREËRS 12:14-15

'14STREEF NA VREDE MET ALMAL EN NA DIE HEILIGMAKING, WAARSONDER NIEMAND DIE HERE SAL SIEN NIE. 15SIEN TOE DAT NIEMAND DIE GENADE VAN GOD VERSPEEL NIE, SODAT GEEN WORTEL VAN BITTERHEID OPSKIET, EN MOEILIKHEID VEROORSAAK, EN BAIE DAARDEUR BESOEDEL WORD NIE;

# HEBREËRS 12:12-13; 28-29

'12DAAROM, TEL OP DIE SLAP HANDE EN DIE LAM
KNIEË, 13EN MAAK REGUIT PAAIE VIR JULLE VOETE,
SODAT WAT LAM IS, NIE DALK MAG SWIK NIE, MAAR
EERDER GESOND KAN WORD.''

28DAAROM, TERWYL ONS 'N ONWANKELBARE
KONINKRYK ONTVANG, LAAT ONS DANKBAAR WEES
EN GOD DAARDEUR OP 'N WELGEVALLIGE WYSE
DIEN, MET EERBIEDIGE ONDERWORPENHEID EN
ONTSAG. 29WANT ONS GOD IS INDERDAAD 'N
VERTERENDE VUUR. '


GEMEENSKAP VAN GENADE

Hebreërs 13 is ‘n uiteensetting van hoe nuwe hierdie gemeenskap van God lyk.  Dit is nie net nog ‘n doen-lysie nie… dis iets wat in ons binneste gebeur wanneer ons toelaat dat God se genade ‘n werklikheid word.

**Lees Hebreërs 13:1-3.**
*Wat dink jy word van ons verwag as ‘n gemeenskap van gelowiges?*
*Watter drie areas sien jy in hierdie gedeelte raak?*

# HEBREËRS 13:1-3

'1DIE BROEDERLIEFDE MOET BLY!

2MOENIE VERSUIM OM GASVRY TE WEES NIE, WANT HIERDEUR HET SOMMIGE, SONDER DAT HULLE DIT WEET, ENGELE AS GASTE ONTVANG.

3DINK AAN DIE GEVANGENES ASOF JULLE MEDEGEVANGENES IS, AAN HULLE WAT MISHANDEL WORD ASOF JULLE DIT SELF AAN JULLE LIGGAAM BELEEF. '


VERS 1
PHILIA - BROEDERLIKE LIEFDE

Die eerste eienskap is dié van broederlike liefde.
*Watter eienskappe sou jy uitlig wat tipies is van ‘n huisgesin met broers of susters?*

Geen privaatheid.
Geregtig om uit mekaar se borde te mag eet.
Sien mekaar se slegste en beste kante.
Kom nie altyd oor die weg nie, maar ‘n maatte van verantwoordelikheid en verbintenis aan mekaar.
In mekaar se spasie – stamp en stoot, skaaf mekaar.

Ons funksioneer binne veilige grense, maar met ‘n OPENHEID.

*Hoekom dink jy is ons so privaat en persoonlik in ons geloofslewe? Hoe dink jy kan ons met meer eerlikheid en openheid teenoor mekaar leef in ons nabye geloofsgemeenskap?*


VERS 2
PHILOXENIA - LIEFDE VIR VREEMDES

Die tweede eienskap is gasvryheid en vriendelikheid teenoor vreemdelinge.
Hierdie vers verwys na Abraham (Genesis 18) wat vreemdelinge met warmte ontvang het, en later besef het dit was in werklikheid engele.
Die Emmausgangers het in Lukas ook hul vreemde gas vir ete genooi en later besef dat dit Jesus self was.
Engele is nie mense na wie ons gaan soek om te help of te nooi nie – hulle beland op jou pad, onverwags.

*Het jy al onverwags vriendelikheid of hulp ervaar toe jy dit glad nie verwag het nie?*
*Hoe dink jy moet ons prakties leef om onsself bloot te stel vir engele in ons lewe?*

Dis nie net jy wat gasvry en vriendelik teenoor ander moet optree nie… maar ook jy wat oop en beskikbaar moet wees om vriendelikheid en gasvryheid te ontvang.



## VERS 3

# OMGEE VIR SOSIALE ONGEREGTIGHEID

Die derde eienskap verwys na ons omgee vir sosiale ongeregtigheid en mense wat onderdruk is.

Daar word nie van ons verwag om hulle vir ete te nooi nie… maar om vir hulle in te tree, om te gee, te bid en bekommerd te wees. *Watter sake of ongeregtigheid is tans na aan jou hart? Wat kan julle as groep doen om hierdie saak te verbeter?*

Weer eens, die vers herinner ons dat dit nie iets is wat ons moet uitdeel nie, maar ook iets is wat ons moet verander en deel maak van God se gemeenskap van genade.

**Lees Hebreërs 13:4-6.**

Hierdie gedeelte kom konfronteer elkeen van ons en is heelwat moeiliker om aan te spreek. Die areas wat hierin na verwys word, is areas waar meeste van ons sukkel en waar ons nodig het om eerlik te wees.

LIVING IN THE LIGHT

# MONEY SEX & POWER

In die Romeinse Ryk was dit meer algemeen om jou slaapkamer met iemand te deel as om ‘n maaltyd met iemand te deel.  Hulle was meestal selfsugtig en selg-gesentreerd en sou enige iets doen om die eie-ek te bevredig.  Dit lyk nogal vandag ook so in ons samelewing…

Seks, geld en status is geskenke wat God gegee het vir die opbou van die gemeenskap – nie om die eie-ek te bevredig nie.  Enige seksuele dade buite die huwelik (voor of tydens) waarna hier verwys word, sonder om die verantwoordelikheid en verbintenis van gemeenskap te aanvaar, spreek nie van God se genade en waarheid nie.  Dieselfde met geld…

*Waar sien jy dat seks, geld en status verkeerdelik aangewend word en hoe kan ons dit omkeer as ‘n gemeenskap van gelowiges/ genade?*
*Hoekom dink jy sukkel ons om eerlik en oop oor hierdie kwessies met mekaar te praat?*

Gehoorsaamheid en genade vereis ‘n veilige ruimte waarbinne ons oop en eerlik met mekaar kan kommunikeer.  Dit vra dat die genade van die kruis in ons donkerte sal skyn en hierdie aspekte aan die lig sal kom om sodoende God se redding prakties te kan ervaar.  Ons kerke, huise, vriendekringe, gemeenskappe skep ongelukkig nie daardie veilige ruimte waarbinne jy oop en eerlik kan wees om God werklik te ontmoet nie.

*As jy eerlik met jouself moet wees, is jy dalk besig om jou identiteit te bou op grond van skaamte, skuld of trots?  Is jy bereid om met God se lig van waarheid gekonfronteer te word?  Is jy bereid om weerbaar te raak, al is dit soms ongemaklik en seer?*

**Kyk na vers 5-6 en lees dit ‘n paar keer hardop.**

As die Grieks direk vertaal word, is hierdie vers ‘n trippele versekering dat jy nie bedoel is om alleen swaar te kry of te sukkel met hierdie eise nie.  Die God van Gemeenskap belowe dat Hy altyd in gemeenskap met jou wil wees.  Dit is die tipe genade wat ons ook aan mekaar moet betoon!

οὐ μή σε ἀνῶ οὐδ᾽ οὐ μή σε

**nie nie jou Ek sal verlaat ook nie nie nie jou**

ἐγκαταλείπω

**Ek sal in die steek laat**

**Hoe kan ons begin om 'n gemeenskap te wees wat nie veroordeel nie, maar steeds grense het volgens God se waarheid?**

*Wat was jou ervaring wanneer jy iets baie persoonliks gedeel het met iemand of in 'n groep?  Hoekom doen ons dit nie meer nie?  Wat as mense skinder?  Wat as almal weet?*

*Hoe dink jy kan jy jouself meer beskikbaar stel as 'n veilige ruimte vir ander?*

Hier onder is 'n lys van maniere waarop ons kan begin om 'n gemeenskap van genade te skep.  Dalk kan jy nog 'n paar praktiese maniere byvoeg.

Dit begin by JOU.  Voor jy na ander wil uitreik en mededeelsaam wil wees, moet jy eers baie eerlik met jouself wees en toelaat dat jy met God se waarheid konfronteer word.

1. EK
2. Hê nie-Christen vriende wat weet jy is ‘n Christen en waarvoor jy staan
3. Omring jou met ‘n kleingroep gelowiges
4. Raak vrywillig betrokke by ‘n bediening
5. Reik uit na jou bure
6. Nooi iemand kerk toe (en vir ete)
7. Gee om vir die verdrukte, die vreemdeling,
die een van wie jy nie hou nie



## HEBREËRS 13:15-16

'15LAAT ONS DAN ONOPHOUDELIK DEUR JESUS AAN GOD 'N OFFER VAN LOF BRING, DIÉ LOF WAT AAN HOM GEBRING WORD DEUR DIE LIPPE WAT SY NAAM BELY. 16MOENIE NALAAT OM GOED TE DOEN EN MEDEDEELSAAM TE WEES NIE, WANT DÍT IS DIE OFFERS WAT VIR GOD AANNEEMLIK IS. '

Vulnerability is not oversharing, it's sharing with people who have earned the right to hear our stories and our experiences.

Brené Brown

Hello Lovely

# Connection

I define connection as the energy that exists between people when they feel seen, heard, and valued; when they can give and receive without judgment; and when they derive sustenance and strength from the relationship.

Brené

**GEBED.**

Here, baie dankie vir die persone in my lewe wat vir my ‘n veilige ruimte skep om U genade en waarheid te ontvang en U opnuut te ontmoet.

Here, help my om broos, kwesbaar, eerlik en opreg te wees.

Here, wys vir my waar ek genade kan uitdeel.

AMEN.

# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS